

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
5 November 1978

Onderwerp: Die ware God

Lees: Jesaja 43 verse 9 tot 21
Jesaja 46 verse 1 tot 13

Teks: Jesaja 43 vers 12

Sing: Psalm 23
Gesang 9 verse 1 en 2
Gesang 63

“Broers en Susters, wanneer ons oor God dink, dan duik daar baie probleme op, soos byvoorbeeld: As God ’n God van liefde is, hoe kan die Bybel dan leer dat daar ’n hel is? As God goed is, waarom is daar soveel mense wat liggaamlik ly en smart verduur? As God alomteenwoordig is, waarom moet ek kerk toe gaan? As God almagtig is, kan Hy werklik alles doen? Moet ’n mens nie dan in vrees van so ’n God wegvlug nie? En hoe kan God sonde vergewe as Hy regverdig is? Menslike regters doen dit dan nie. En so, Broers en Susters, kan jy jou eie probleme oor God opnoem. Dit kan ’n lang lys word. Maar die oorsaak van al die probleme kan ons dalk op een en dieselfde plek vind, naamlik in die woorde aan die begin van hierdie preek: ‘Wanneer ons oor God dink.’

“So lank ’n mens oor God dink, is jy besig om denkbeelde van Hom te maak. Ons het ’n idee wat liefde is; en nou moet God aan ons idee voldoen. Ons het ’n idee wat almag en alomteenwoordigheid is; en dan moet God daarby inpas.

“Ons moet nie oor God dink nie, maar na Hom luister. Dit maak ’n hemelsbreë verskil aan ’n mens se Godsdiens.

“Deur die eeue het die mens beelde van God gemaak. Broers en Susters, ons moet toegee dat ook ons hierin sondig. Al het ons nie ’n beeldjie van God op ons bedkassie of kaggel nie, maak ons ook talle denkbeelde van God; en laat ons dikwels toe dat hierdie denkbeelde oor God heers.

“Om na God te luister, is iets heel anders. Dit is hoe Israel die ware God leer ken het. Hulle het geluister na die openbaring van God. Hy het aan hulle gesê: ‘julle

is my getuies, spreek die HERE, en Ek is God.’ (Jes 43:12)

“Dit is nie wat ons van God dink, wat waar is nie, maar wat Hy van Homself bekend maak. Omdat Hy God is, moet ons na Hom luister in wat Hy sê oor liefde, almag en alomteenwoordigheid. Wie dus die ware God wil leer ken, moet soos Samuel sê: ‘Spreek, want u kneg hoor.’ (1 Sam 3:10)

“God is God. Hy kom sê vir ons wie Hy is. Ons taak is om te luister en nie om Hom uit te dink nie. En waar praat Hy met ons? Hy openbaar Hom aan ons in sy Woord. Hoe maak God Hom bekend? Broers en Susters, God maak Hom aan ons bekend deur sy daade. Sy volk sal Hom dus veral leer ken uit sy daade in die verlede, die hede en die toekoms. Daarom wie se geestelike oë geopen is, sal die daade van God daaragter sien, dit verstaan, begryp en God leer ken.

“Broers en Susters, dit is duidelik dat God nie die gemeenskaplike besit van Christene en nie-Christene is nie. Daar is ’n groot verskil in die Godsbegrip van gelowiges en die godsbegrip van ongelowiges. Ons dink soms dat dit darem goed is dat iemand nog in ’n god glo, al het so ’n persoon nog nooit sy lewe in die hande van Jesus oorgegee nie. Dit is nutteloos.

“Broers en Susters, wie nie die Bybelse God dien nie, dien ’n ander god. En elke ander god is nie die ware God nie. God is nie ’n algemene begrip wat in elke godsdienst met ’n eie inhoud gevul kan word nie. God is nie Allah of Boeddha, of watter heidense god ookal nie.

“God is ’n spesifieke, bepaalde God. Hy is die God wat ’n bepaalde geskiedenis gemaak het. Hy is die God wat hemel en aarde gemaak het. Die God wat Israel uitverkies het as ligdraer onder die nasies. Die God wat in Jesus Christus verskyn het as die Een wat die wêreld lief het. Hierdie God is besig om deur sy Kerk die wêreld tot geloof en heil te roep. ‘*Ek is God*, en daar is niemand soos Ek nie’. (Jes 46:9)

“Afgode word herhaaldelik dwarsdeur die Bybel ontmasker as die handewerk van mense, soos in Jesaja 46 verse 1 tot 13. Afgode moet gedra word, terwyl die ware God sy volk dra van die moederskoot af tot die ouderdom toe.

“Jeremia het geskryf: ‘Soos ’n voëlverskrikker in ’n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie.’ (Jer 10:5)

“Wie sover geluister het, weet dat goddiens op sigself ’n vloek kan wees. Dit is waarlik nie so dat elke verering van ’n hoër mag vir God welgevallig is nie. Hoe bygelowiger ’n mens is, hoe vromer mag hy lyk, maar die HERE sê: ‘skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie.’ (Jer 10:2) Paulus het die Kolossense gewaarsku: ‘Laat niemand julle van jul prys beroof nie, al sou hy behae hê in nederigheid en verering van die engele en indring in wat hy nie gesien het nie, en sonder oorsaak opgeblase wees deur sy vleeslike gesindheid, en nie vashou aan die Hoof nie, uit wie die hele liggaam deur die gewrigte en verbindings ondersteuning ontvang en saamgebind word en so met goddelike groei groot word. As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle *nog* in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? - almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan - volgens die gebooe en leringe van mense, wat, alhoewel dit ’n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees.’ (Kol 2:18-23)

“Almal wat nog bygelowig is, is nie op die regte pad nie. Byvoorbeeld wie steur hom aan Vrydag die 13de? Broers en Susters, ons moet toegee dat die wêreld nog vol godsdiens is wat geen waarde het nie, omdat die ware God nie daarin gedien word nie. Die erns en ywer waarmee ander gode gedien word, is nie van beslissende betekenis nie. Toe Israel ander gode gedien het, is hulle verwerp ondanks hulle ywer.

“Die beslissende vraag vanaand is: Dien jy die God wat in Christus Jesus na jou gekom het? Nét hierdie Godsdiens het werklik waarde.

“Daar is net één begaanbare weg na die ware God. Dit is deur Jesus Christus: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?’ (Joh 14:6-9)

“Ek wil afsluit met die volgende: Broers en Susters, ons mag nooit oor God in algemene terme praat nie. God is nie maar net die Voorsienigheid, die hoër Hand,

die Opperwese, of soos sommige sê: die Grootbaas nie. Dit is Godonterend om sulke algemene terme te gebruik om te kenne te gee dat jy Godsdienstig is, of om nie aanstoot te gee nie.

“God se gevoelens moet vir ons ten alle tye deurslaggewend wees. God het Homself ’n Naam gegee en Hom bepaaldelik aan ons geopenbaar. En by hierdie Naam moet ons Hom noem.

“Wie dus van God wil praat, sal veral in hierdie tye duidelik moet sê dat hy van die God van Israel praat wat Hom finaal in Jesus Christus geopenbaar het. Anders praat hy van ’n afgod.

“Wie dus God wil sê, moet Jesus Christus sê.

“Amen.”